**Profesie oor Noag se nageslag (OP137)**

**Gen 9:18-29, 10:1-32**

**16 Julie 2023**

Die afgelope twee keer het ons stilgestaan by die verbond met Noag. Ons het gesien hierdie verbond se inhoud is gefokus op die bewaring van die mensdom. Die Here het na die sondvloed beloof om nie weer voor die einde van die aarde lewe op die aarde uit te wis nie. Sodoende het die Here genadetyd geskep waartydens Hy Sy beloofde verlossingsplan deur die Een uit die nageslag van die vrou kan implementeer. Die opdragte van die Here in hierdie verbond is soortgelyk aan Sy opdragte tydens die instelling van die skeppingsverbond asook die verbond met Adam na die sondeval. Maar in hierdie opdragte is daar ook ʻn besondere klem op die bewaring van menselewens: Die Here het vrees vir mense in die diere geplaas om sodoende menselewens te bewaar, die Here het aan die mens die voorreg gegee om van die diere te mag eet as voedsel om sodoende aan die lewe te bly, die Here het dit ook duidelik gemaak dat hy ʻn lewe gaan eis wanneer ʻn mens doodgemaak word – hetsy of dit deur ʻn dier of ʻn mens is. Die Here het spesifiek aan die mens die opdrag gegee om die lewens van moordenaars te neem. Dit moet as bewaringsmeganisme dien om die toename in boosheid op die aarde te vertraag gedurende die periode wat die Here nie gaan oordeel nie. In die Nuwe Testament word hierdie verantwoordelikheid aan die owerhede gegee.

Vandag wil ek vir ʻn laaste keer stilstaan by Noag. Ek wil veral Gen 9:18-28 oordink, maar dit sal duidelik word dat as ons dit behoorlik wil verstaan, moet ons Gen 10 ook betrek. Die laaste gedeelte in Gen 9 is die afsluiting van die derde toledot in die boek Genesis. Dit het begin in Gen 6:9 en is daar beskryf as die familiegeskiedenis van Noag. Dit sluit af in Gen 9:29 waar ons lees dat Noag gesterf het op ʻn ouderdom van 950 jaar. Die vierde toledot begin dan in Gen 10:1 en handel oor die familiegeskiedenis van Noag se seuns, Sem, Gam en Jafet. Ek wil by drie onderwerpe stilstaan: (1) Die sonde van Noag (Gen 9:20-23), (2) die profesie van Noag oor sy seuns (Gen 9:24-27), en (3) die lig van Gen 10 op Noag se profesie (Gen 10:1-32). Ek moet weereens erkenning gee aan beide Waltke en Kidner. Hulle kommentare oor hierdie gedeelte het baie bygedra tot my begrip van die gedeelte.

<u>Die sonde van Noag (Gen 9:20-23)</u>

Ek beplan om later terug te kom na verse 18-19. Lees Gen 9:20-23. Ons lees in vers 20 Noag was ʻn man van die grond. Dit gryp enersyds terug na Gen 2:7 waar ons gelees het dat die Here God vir Adam met stof uit die grond gevorm het. Noag word dus hier geassosieer met Adam, hy stam van Adam af. Andersyds gryp dit ook terug na Gen 5:29 waar Lameg, Noag se pa, met Noag se geboorte gesê het Noag sal hulle troos oor hulle geswoeg oor die grond wat die Here vervloek het. Noag is dus ʻn mens soos Adam, maar hy is ook die een wat troos gebring het soos wat ons gesien het met die sluit van die Here se bewaringsverbond met hom en sy seuns en alle vlees. Ons lees verder dat Noag die eerste was wat ʻn wingerd geplant het. Noag was nie net ʻn druiweboer nie, hy was ook ʻn wynmaker. Op sigself is hier niks mee verkeerd nie – dit is deel van die Here se algemene genade, soos wat ons in Gen 4:20-22 gesien het ook die geval was met die seuns van Lameg uit Kain se nageslag – hulle het uitgeblink met boerdery, kultuur en tegnologie.

Die sonde van Noag word vir ons in Gen 9:21 beskryf: Noag het te veel van die wyn gedrink, met die gevolg dat hy dronk geword het, en in sy dronkenskap het hy homself ontbloot en kaal uitgetrek in sy tent. Hy het hom dus vergryp aan die wyn, en daarop het die ontbloting gevolg. Vers 22 beskryf vir ons wat Gam se reaksie was op hierdie sonde van Noag. Vers 24 verduidelik dat Gam Noag se jongste seun was. Gam het sy pa se naaktheid gesien en dit vir sy broers, Sem en Jafet, gaan vertel.

Gam se optrede was problematies op verskeie maniere: Aan die een kant het hy hom verlustig in die naaktheid van iemand anders. Wat dit erger gemaak het was die feit dat die persoon sy pa was – sy optrede het glad nie gespreek van respek vir sy pa nie. En om alles nog erger te maak, het hy niks aan die saak gedoen, behalwe om dit vir sy broers te gaan vertel nie. Hy het geen poging aangewend om die skande van sy pa te bedek nie.

Sem en Jafet het egter ‘n ander benadering gevolg – sien vers 23. Hulle het ‘n oorkleed geneem, dit oor hulle skouers gehou, agteruit in Noag se tent ingegaan en sy naaktheid bedek, sonder om dit te sien. Dit is heel anders as Gam: Hulle het hulle pa gerespekteer, hulle nie verlustig in sy naaktheid nie, maar dit eerder bedek.

Die vraag is nou: Wat moet ons leer uit hierdie gebeure? Kan ek ‘n paar dinge uitlig:

- Natuurlik was beide die optredes van Noag en Gam verkeerd, dit was sonde, en dit moet veroordeel word. Maar, in ‘n sekere sin, laat dit ons tog moed skep: Onthou hoe Noag beskryf is in Gen 6:9 – hy was regverdig en onberispelik tussen sy tydgenote. Ons het geleer hy is juis uit genade gered deur geloof – en daarom is hy tydens die sondvloed gespaar. Selfs Gam is ook in die sondvloed gespaar, en ons het al vantevore afgelei dat dit moet beteken hy het ook sy geloof op God se verlossing geplaas. En tog het hulle hier in sonde geval. As ek sê dit gee ons moed, dan bedoel ek nie dit gee ons die vrypas om nou maar te sondig nie, ek bedoel net as selfs die regverdige Noag in sonde geval het, dan is dit nie onverwags dat ons as gelowiges ook steeds in sonde val nie. Soos wat Noag steeds gered is al het hy selfs na die sondvloed in sonde geval, word gelowiges ook steeds gered al val hulle in sonde na hulle tot geloof gekom het. Natuurlik moet ons stry teen die sonde, maar ons kan vashou aan die sekerheid van ons verlossing.
- Vergelyk wat hier met Noag gebeur, met wat vroeër met Adam gebeur het. Met die sondeval het Adam geëet, hy het geëet van die vrugte waarvan hy nie mog eet nie. Soortgelyk het Noag gedrink, hy het te veel gedrink van die vrugte van die druiwestok. Die gevolg van Adam se sonde, was dat hy besef het hy is naak. Soortgelyk het Noag toe hy uit sy roes wakker geword het, besef hy was naak. Die Here het destyds Adam se naaktheid bedek met klere van vel, soortgelyk het Noag se seuns Sem en Jafet sy naaktheid bedek. Toe ons destyds die sondeval bestudeer het, het ons opgelet dat Adam en Eva se naaktheid ‘n simbool was van hulle gebrek aan geregtigheid, en dat die Here dit bedek het deurdat Hy onderneem het om vir hulle geregtigheid te bewerk. Noag se naaktheid is sekerlik ook ‘n simbool van sy gebrek aan geregtigheid toe hy gesondig het. Hy word ook geklee – deur sy seuns. Ek glo ons sien hier hoe gelowiges onderling na mekaar moet omsien om gebrekkige geregtigheid te bedek in liefde en respek vir medegelowiges. Natuurlik, ten diepste kan net God die klere gee, maar Hy kan dit deur medegelowiges of kinders of ouers gee.

<u>Die profesie van Noag oor sy seuns (Gen 9:24-27)</u>

Alhoewel dit so is dat Noag se optrede sonde was, is daar tog verskeie aanduidings dat dit nie die hooffokus is van wat hier gebeur het nie. Let op die volgende:

- Noag se optrede, alhoewel dit verkeerd was, word nêrens in hierdie verse spesifiek veroordeel nie. Kyk na vers 24: Hier lees ons dat toe Noag uit sy roes wakker geword het, en hy besef het wat Gam aan hom gedoen het, het hy gesê ... en wat daarop volg. As die hooffokus was om ons te vertel van Noag se sonde, dan sou ons verwag het om te lees: Toe Noag uit sy roes wakker word en hy besef wat hy gedoen het, was hy berouvol – of iets dergeliks. Nee, die verrassende is dat Noag wakker geword het en besef het wat Gam

gedoen het en toe daarop gereageer het. In Noag se uitspraak vervloek hy effektiewelik Gam (oftewel Kanaän uit Gam se nageslag) en seën Sem en Jafet.

- Let ook op hoe hierdie gedeelte ingelei word in Gen 9:18-19. Lees dit. Hierdie gedeelte word ingelei deur te vertel dat die seuns van Noag wat uit die ark gekom het, was Sem, Gam en Jafet, en uit hulle is die hele aarde bevolk. Dit lyk of ons in wat volg spesifiek gaan leer van hierdie drie seuns – en dit is inderdaad ook die fokus van Noag se uitspraak in verse 25-27. Dit lyk dus of die hooffokus eerder die inhoud van Noag se uitspraak is. Boonop verwys vers 18 ook ietwat onverwags na die feit dat Gam die vader was van Kanaän. En in vers 25 vervloek Noag juis vir Kanaän – ons sou verwag het hy sou Gam vervloek het. Ons was in vers 19 al voorberei dat Kanaän Gam se seun was. Dit onderstreep dat die hooffokus in die gedeelte eerder die inhoud is van Noag se uitspraak in verse 25-27. Dit is ook opvallend dat verse 25-27 die enigste direkte woorde is van Noag in die hele beskrywing van sy familiegeskiedenis vanaf Gen 6:9 tot 9:29. Dit moet sekerlik belangrik wees.
- Verder, in Gen 9:29 sterf Noag. Verse 25-27 is as't ware Noag se laaste woorde – oftewel sy testament aan sy seuns. Dit moet dan tog belangrik wees.

Ek is dus oortuig die hooffokus van hierdie gedeelte is die inhoud van Noag se uitspraak in verse 25-27. Kom ons kyk dan in meer detail na die inhoud van Noag se profesie oor sy seuns in verse 25-27. Ons kan dit opdeel in drie gedeeltes – elke gedeelte fokus op een van die seuns: eers Gam, daarna Sem, en laastens Jafet. Onthou nou: Gam was die jongste van die drie broers (Gen 9:24), terwyl Sem die oudste was (Gen 10:21). Die volgorde van Noag se uitsprake volg dus nie hulle ouderdomme nie. Kom ons kyk na die detail van die profesie oor elke seun:

- Gam (v25): In plaas van dat Noag spesifiek na Gam verwys, verwys hy na Kanaän wat Gam se seun was – trouens Kanaän was Gam se jongste seun (Gen 10:6), soos wat Gam Noag se jongste seun was. A.g.v. Gam se optrede toe Noag in sonde geval het, vervloek Noag nou Gam se jongste seun, en hy moet 'n slaaf wees vir sy broers. Uit verse 26 en 27 blyk dit dat die broers waarna verwys word, Sem en Jafet is – dit is dus Gam se broers, nie Kanaän se broers nie. Kanaän word vervloek om die laagste slaaf te wees vir Sem en Jafet.
- Sem (v26): Oor Sem sê Noag dat die Here, die God van Sem, geprys moet word. Let op: As Noag oor Sem praat, verwys hy na God as "die Here", d.w.s. as die Verbondsgod, en hy verwys na God as die God van Sem. Vergelyk dit met vers 27 waar Noag net na God as God verwys as hy oor Jafet praat. Dus: Noag verwys na God as Sem se God, en Hy is die Verbondsgod. Verder moet God geprys word, en Kanaän, d.w.s. Gam se jongste seun, moet Sem se slaaf wees.
- Jafet (v27): Oor Jafet sê Noag dat die Here tog aan hom ruimte moet gee en dat hy in die tente van Sem mag woon. Die naam "Jafet" hou verband met "ruimte skep". Boonop moet Kanaän ook sy slaaf wees.

Opsommend: Gam se seun Kanaän word vervloek, en hy moet die slaaf wees van Sem en Jafet. Sem is besonder begenadig in die sin dat die Verbondsgod sy God is, en Kanaän moet sy slaaf wees. Jafet, op sy beurt, is ook begenadig – maar daar moet eers vir hom ruimte geskep word sodat hy in Sem se tente mag woon, en Kanaän moet ook sy slaaf wees.

Die vraag is nou: Wat beteken dit? Sekere aspekte is redelik duidelik: byvoorbeeld dat Sem die besondere begenadigde is, is vir ons goed bekend. Immers weet ons dat Abram uit Set se nageslag gebore sou word (kyk na die familiegeskiedenis van Sem in Gen 11:10-32), en ons weet dat die Here juis met Abram 'n verbond sou sluit. So, ons is dus nie te verbaas as ons lees dat Sem se God die

Verbondsgod is nie. Ons kan ook uit die verdere geskiedenis verstaan dat Kanaän vervloek sou wees – immers moes die volk sy nageslag uit die beloofde land verdryf. Maar, daar is ook dele van hierdie uitspraak van Noag wat moeilik is om te verstaan: Gam het gesondig deur sy optrede teenoor sy pa – maar Kanaän word vervloek. Hoekom? En dan is daar die uitspraak oor Jafet: wat beteken dit dat daar vir Jafet ruimte geskep moet word sodat hy mag woon in die tente van Sem?

Dit is hier wat Gen 10 ons kan help: Siende dat Gen 10 handel oor die familiegeskiedenis van Sem, Gam en Jafet, en siende dat Noag se uitspraak aan die einde van sy lewe in Gen 9 handel oor wat met sy seuns gaan gebeur, daarom behoort Gen 10 ons te kan help om Noag se uitspraak beter te verstaan.

<u>Die lig van Gen 10 op Noag se profesie (Gen 10:1-32)</u>

Gen 10 begin in vers 1 met die stelling: "Hier volg die familiegeskiedenis van Noag se seuns, Sem, Gam en Jafet. Daar is vir hulle seuns na die vloed gebore", en dit sluit af in vers 32 met: "Dit was die grootfamilies van Noag se seuns volgens hulle familiegeskiedenis, volgens hulle nasies. Uit hulle het die nasies oor die aarde versprei." Ons het dus in hierdie hoofstuk 'n opsomming van die nasies wat uit Sem, Gam en Jafet voortgevloei en ook oor hoe hulle oor die aarde versprei het. Hierdie hoofstuk word soms die "tabel van die nasies" genoem – want ons lees van die nasies wat uit die drie seuns voortgevloei het. Ek glo ek is reg as ek sê dit is nie een van ons gunsteling gedeeltes in die Bybel nie. Hier word baie name genoem wat vir ons nie veel beteken nie. Maar weereens is dit die moete werd om so 'n bietjie moeite te doen om te verstaan wat hier vir ons vertel word, en die resultaat is, wat my aanbetref, verstommend. Kom ons kyk hierna.

Die hoofstuk is duidelik in drie dele verdeel: Jafet se nageslag word beskryf in verse 2-5, Gam se nageslag in verse 6-20, en Sem se nageslag in verse 21-31. Weereens 'n interessante volgorde: die skrywer volg nie die ouderdomme nie: Jafet is die middelste seun en word eerste bespreek, Gam die jongste, maar hy word tweede bespreek, Sem is die oudste, maar hy word laaste bespreek. Ons kan iets hiervan verstaan: Uit Noag se uitspraak was dit duidelik dat Sem die besonder begenadigde een was, en in die volgende toledot vanaf Gen 11:10 word daar spesifiek op sy nageslag gefokus – so dit lyk asof die skrywer Jafet en Gam se nageslag eerste bespreek, sodat hy daarna op Sem kan fokus. Die beskrywing van elke seun se familiegeskiedenis word afgesluit met 'n stelling soos bv die stelling in vers 31: "Dit was dan die nageslag van Sem volgens hulle grootfamilies, met hulle eie tale, in hulle eie lande, volgens hulle nasies". Verse 5 en 20 se inhoud is soortgelyk vir Jafet en Gam se nageslagte. Ons lees dus hier van verskillende nasies wat elkeen hulle eie taal gehad het en in hulle eie land gewoon het.

Jy kan die moeite doen en gaan tel hoeveel nasies genoem word: Daar word 14 genoem in Jafet se nageslag, 30 in Gam se nageslag, en 26 in Sem se nageslag – dit is 'n totaal van 70 nasies. Waltke beskryf ook nog 'n verskeidenheid van veelvoude van sewe wat deur hierdie hoofstuk voorkom – ek gaan dit nie bespreek nie. Maar die punt wat ons moet raaksien is: Omdat daar spesifiek 70 nasies genoem word, moet ons verstaan die doel met hierdie lys van nasies is nie soseer om vir ons 'n opsomming te gee van alle nasies nie, maar eerder dat dit 'n seleksie van nasies is waardeur die Here aan ons 'n teologiese boodskap wil kommunikeer – soortgelyk aan die geslagsregisters waarna ons 'n paar weke gelede gekyk het, wat ook nie noodwendig volledig is nie, maar waardeur die Here d.m.v. 'n seleksie 'n sekere boodskap wil kommunikeer.

Wat ek nou wil doen is om eenvoudig deur die hoofstuk te lees, en ek wil telkens uitwys waar 'n sekere nasie gewoon het. Sommige name is onbekend en ons weet nie waar dit geleë was nie, maar ons weet genoeg om 'n goeie prentjie te kan vorm wat aan die gebeur is.

Ons begin met die nageslag van Jafet: (Gen 10:2-5a)

> *Jafet se nageslag was Gomer (noord van die Swart See) en Magog (waarskynlik in Klein-Asië), Madai (wes van die Kaspiese See), Jawan (verwys na Griekeland), Tubal (ooste van Klein-Asië, suidoos van die Swart See), Meseg (waarskynlik Klein-Asië) en Tiras (waarskynlik by die Egeïese See). Gomer se nageslag was Askenas, Rifat en Togarma. Jawan se nageslag was Elisa, Tarsis, die Kittiërs (verwys na Ciprus) en Dodaners – deur hulle is die eilande van die nasies bevolk.*

Uit hierdie beskrywing word dit duidelik dat die nageslag van Jafet grotendeels in die kusgebiede en op die eilande van die Middelandse See gewoon het – gedeeltes wat ons vandag ken as Turkye, Ciprus, Griekeland, Italië, miskien selfs so ver wes as Spanje.

Ons beweeg aan na die nageslag van Gam (Gen 10:6-19):

> *Gam se nageslag was Kus (verwys na Soedan, noorde van Afrika), Egipte (noorde van Afrika), Put (Libië, noorde van Afrika) en Kanaän (Israel, suide van Sirië). Kus se nageslag was Seba (Ethiopië), Gawila (suidweste van Arabië), Sabta (suide van Arabië), Rama (suide van Arabië) en Sabtega. Rama se nageslag was Skeba (suide van Arabië) en Dedan (noorde van Arabië). Kus het Nimrod verwek. Hy het begin om as 'n maghebber op die aarde op te tree. Hy was 'n dapper jagter voor die Here. Daarom word daar gesê: "Soos Nimrod, 'n dapper vegter voor die Here." Die kern van sy ryk was Babel (Mesopotamië, by die Eufraat en Tigrisriviere), Ereg (suide van Irak), Akkad en Kalne in die land Sinar (hele streek van Mesopotamië). Uit hierdie gebied het hy na Assur (noorde van Mesopotamië) weggetrek en Nineve (wal van Tigrisrivier, noorde van Irak), Regobot-Ir en Kalag (naby Nineve) gebou, en ook Resen, tussen Nineve en Kalag – dit is die groot stad. Egipte was die voorvader van die Ludeërs (noorde van Afrika), die Anameërs (deel van Egipte), die Lehabeërs, die Naftugiete (noorde van Egipte), en van die Patrosane (suide van Egipte) en die Kaslugiete – uit wie die Filistyne voortgekom het – en van die Kaftorane.*

Uit hierdie verse is dit duidelik dat die nageslag van Gam oor 'n wye gebied gewoon het: van Afrika, deur Arabië (wat ons vandag ken as Saoedi-Arabië, Oman en Jemen) op tot Mesopotamië, d.w.s die huidige Irak. Kom ons let nou op waar die nageslag van Kanaän gewoon het (onthou, hy was juis uitgesonder in Noag se uitspraak in die plek van Gam):

> *Kanaän het Sidon verwek, sy eersgeborene, en ook Het, en was die voorvader van die Jebusiete (inwoners van Jerusalem), die Amoriete (verskeie dele van die beloofde land), die Girgasiete, die Hewiete (dele van die beloofde land), die Eregiete (Libanon), die Siniete (Libanon), die Arwadters (Libanon), die Semariërs (Libanon) en die mense van Hamat (Sirië). Daarna het die grootfamilies van Kanaän versprei, sodat die grondgebied van die Kanaäniete gestrek het van Sidon af in die rigting van Gerar tot by Gasa, en in die rigting van Sodom en Gomorra, Adma en Sebojim tot by Lesa (die grense strek vanaf Sidon in Libanon in die noorde tot by Gaza in Israel in die suide, en vandaar af strek dit tot oos of suidoos van die Dooie See, waar Sodom en Gomorra geleë was – basies beteken dit Kanaän het in die gedeelte in die Midde-Ooste gewoon wat later die beloofde land sou word).*

Laastens kyk ons na die nageslag van Sem (Gen 10:21-29):

> *En vir Sem, die ouer broer van Jafet, ook vir hom is seuns gebore. Hy was die stamvader van die hele nageslag van Heber. Die nageslag van Sem was Elam (suidweste van Iran), Assur (verwys na Assirië, dus Mesopotamië), Arpagsad, Lud, Aram (Sirië en Mesopotamië). Die*

*nageslag van Aram was Us (moontlik oos van die Jordaanrivier), Gul, Geter en Mas (Mesopotamië of Libanon). Arpagsad het Selag verwek, en Selag het Heber verwek. Vir Heber is twee seuns gebore: die een se naam was Peleg, want in sy tyd het die aarde verdeeld geraak, en sy broer se naam was Joktan (suide van Arabië). Joktan het Almodad (Jemen), Selef (Jemen), Gasarmawet (suide van Arabië), Jerag, Hadoram (Arabië), Usal (Jemen), Dikla (suide van Arabië), Obal (suidweste van Arabië), Abimael, Seba, Ofir (suidweste van Arabië), Gawila en Jobab (suide van Arabië) verwek.*

Sem se nageslag woon dus ook in Arabië en Mesopotamië, soos Gam se nageslag, behalwe dat Afrika nie ingesluit is, soos by Gam se nageslag nie. Min klem word ook hier op Peleg se nageslag geplaas, maar ons weet Abram en Israel volg uit sy nageslag en hulle het later in die beloofde land gaan woon.

Kom ek som op: Jafet se nageslag woon in wat ons ken as Turkye, Griekeland, Siprus en selfs so ver wes as Spanje. Gam se nageslag woon in Afrika, Arabië, Israel, Libanon, Sirië tot in Irak. Kanaän se nageslag woon spesifiek in die beloofde land. Sem se nageslag woon in Arabië, Israel, Libanon, Sirië tot in Irak.

Kom ons probeer nou sin maak van wat Noag gesê het: Hy het spesifiek na Sem se nageslag verwys as besonder begenadig en dat die Verbondsgod hulle God is. Dit maak sin – want Abram stam van Sem af, dit is met hom wat die Here die verbond oprig, en dit is uit sy nageslag wat die volk Israel voortspruit. Ons weet 'n groot deel hiervan speel af in wat ons vandag ken as Israel, Libanon, Sirië, en natuurlik ook Irak as ons dink aan die Assiriese en Babiloniese ballingskap. Dit is juis die plekke wat Gen 10 beskryf as waar die nageslag van Sem sou woon.

Die nageslag van Gam woon in dieselfde streke as die nageslag van Sem, met die uitsondering dat die noorde van Afrika ook ingesluit is. Maar Noag sê spesifiek dat Kanaän Sem se slaaf moet wees. Kanaän se nageslag is juis die deel van Gam se nageslag wat in die beloofde land woon. Die feit dat Noag nie Gam vervloek het nie, maar wel Kanaän, word juis vervul deurdat die nageslag van Sem, dit is die volk Israel, later juis die nageslag van Kanaän in die beloofde land sou onderdruk en hulle slawe sou maak. Die plekke waar die nageslag van Sem en Gam woon is die plekke waar die Ou Testamentiese geskiedenis afspeel.

Wat nou van Noag se uitspraak oor Jafet? Van Jafet het Noag gesê dat daar vir hom ruimte geskep moet word in die tente van Sem. Let nou op waar woon Jafet se nageslag: in die dele wat ons ken as Turkye, Siprus, Griekeland tot sover as Spanje. Maar dit is presies waar die grootste deel van die Nuwe Testament afspeel. Toe die Jode (wat uit die nageslag van Sem is) nie die Here Jesus as hulle Verlosser wou aanvaar nie, het die apostels die evangelie juis na daardie dele geneem waar die nageslag van Jafet gaan woon het. Dit is hoe daar ruimte geskep is vir die nageslag van Jafet in die tente van Sem! In die profesie van Noag het ons dus 'n beknopte opsomming oor hoe en waar die openbaringsgeskiedenis in die res van die Bybel gaan ontvou! Dit is eenvoudig verstommend.

Maar nou kan ons die vraag vra: Hoekom het die Here dit so beskik om hierdie detail juis op hierdie stadium in die openbaringsgeskiedenis op te teken? Wel, onthou die groter prentjie: Sopas het die Here in die bewaringsverbond bekend gemaak dat Hy tot met die einde van die aarde nie weer die boosheid op die aarde gaan uitwis soos wat Hy in die sondvloed gedoen het nie. Hy het dit gedoen sodat Hy Sy verlossingsplan kan verduidelik en implementeer. Kort hierna, in Genesis 12, skuif die fokus na Abram, en die Here sluit 'n verbond met Abram. Dit is die begin van die verduideliking van Sy verlossingsplan. In die res van die Ou Testament gaan Hy Sy plan verduidelik deur die manier waarop Hy met die volk Israel werk – hulle is uit die nageslag van Sem. Daar gaan baie interaksie

wees tussen hulle en die nageslag van Gam, veral Kanaän se nageslag. Vir lank gaan daar min fokus wees op die nageslag van Jafet. Maar dit beteken nie dat hulle uitgesluit is van Sy verlossingsplan nie – nee, later gaan Hy ruimte vir hulle skep in die tente van Sem. Soos wat Gen 10 simbolies verwys na al die nasies, so wil die Here dit nou alreeds duidelik maak Sy verlossingsplan gaan op die ou end al die nasies van die aarde betrek. Maar 'n groot fokus gaan aanvanklik wees op die nageslag van Sem en die nageslag van Gam. Trouens dit gaan selfs nog 'n enger fokus wees: Op 'n deel van die nageslag van Sem, dit is die nageslag van Abram, en 'n deel van die nageslag van Gam, dit is Kanaän – alhoewel ander dele uit Gam se nageslag ook 'n rol gaan speel, soos Babel en Assirië. Maar, na die periode waarin die Here Sy verlossingsplan verduidelik het (d.w.s. na die Ou Testamentiese geskiedenis), en nadat Hy dit volledig geïmplementeer het deur die werk van Sy Seun (d.w.s. na die beskrywing van Sy Seun se werk in die Evangelies), gaan die fokus weer skuif na alle volke, tale en nasies – dan gaan daar ruimte geskep word vir Jafet se nageslag in Sem se tente (dit is waaroor die res van die Nuwe Testament handel).

Ek hoop dit is duidelik dat dit oor baie meer handel as net Noag wat hom dronk drink, kaal in sy tent lê, en Gam wat nie sy pa eerbiedig nie. Die Here gebruik dit om groot stukke van die wêreldgeskiedenis reg te skuif sodat Hy Sy verlossingsplan kan implementeer. En Hy verduidelik dit aan ons voordat Hy dit implementeer sodat ons kan verstaan waarheen Hy oppad is. Wat 'n genade van die getroue Verbondsgod.